ng kerk weltevreden

*lewe vir die stad*

**Gemeentebrief Mei 2021**

**WAT IS NORMAAL NOU EINTLIK?**

Herfs en Lente is die tye van die jaar wanneer die grootste sigbare veranderinge in die natuur plaasvind. Blare verkleur en val grond toe, of bome bot met bloeisels en bring nuwe lewe. Vir my voel dit op die oomblik of die lewe ook elke dag verander. Dan mag jy, dan mag jy nie. Dan wil jy, dan wil jy nie … en so gaan die een na die ander dag verby. Êrens het mens ŉ hunkering na die bekende, na "normaal". Tot jy op ŉ dag besef dit gaan waarskynlik nooit kom nie.

Ons hoor die holruggeryde uitdrukking "nuwe normaal" oral waar ons gaan, selfs in die kerk. Vir lank het ons gehoop iemand gaan vir ons die bloudruk gee van hoe hierdie nuwe normaal moet lyk. Dit sou dinge soveel makliker maak. Niemand het egter regtig antwoorde nie, want – het ek toe agtergekom – die antwoorde lê binne onsself.

Dis vir **ons** om te besluit hoe lyk ons nuwe normaal. Hierdie is ons eie Herfs en Lente, waar elke dag ŉ afsterf- én geboorteproses is. Ons kan self besluit wat ons hou en wat ons laat gaan. Is dit nie opwindend nie? Soveel hartseer as wat die pandemie gebring het, soveel oneindige nuwe moontlikhede het dit ook gebring. Ons moet dalk 'n slag ons Herfsbrille afhaal en ons Lentebrille opsit sodat ons die nuwe lewe om ons kan raaksien.

By die kerk moet ons in elke vergadering, Bybelstudie en erediens mekaar daaraan herinner dat die nuwe normaal hier is. Dit is die keuses wat ek en jy vandag maak, om met nuwe energie die dag aan te pak en so ons eie nuwe normaal te skep – vol belofte.

*Ons ís tot alles in staat, deur Hom wat ons krag gee!*

Wat is normaal nou eintlik? Die lewe is moeilik genoeg. Hier by die kerk kan ons mekaar onvoorwaardelik aanvaar, liefhê en ja, ook uitdaag om beter mense te word. Mag jy elke dag stukkie vir stukkie voel hoe die kerk en geloofsgemeenskap jou help bou aan ŉ opwindende, propvol-belofte, **splinternuwe normaal**!

**Saret Britz**
**Gemeentebestuurder**